



UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY
jou kennisvenoot • your knowledge partner

REGLEMENT INSAKE DIE AANSTELLING VAN UITVOERENDE DIREKTEURE EN HOOFDIREKTEURE

A. INLEIDING

Die onderstaande reglement en prosedures daarin uiteengesit moet binne die konteks van die Universiteit se Institusionele Voorneme en Strategie en ander beleidsdokumente se beginsels en uitgangspunte geïnterpreteer en toegepas word en sal te alle tye daaraan onderworpe wees.

B. ALGEMENE BEGINSELS

Die termyn van aanstelling sal normaalweg vyf (5) jaar wees.

C. SAMESTELLING VAN AANSTELLINGSKOMITEE

'n Aanstellingskomitee van die Raad (AR) onder voorsitterskap van die Rektor (of 'n verteenwoordiger deur hom/haar aangewys), word deur die Rektor tot stand gebring. Die AR word soos volg saamgestel:

- a) Die Rektor (of 'n verteenwoordiger deur hom/haar aangewys)
- b) Twee (2) eksterne raadslede wat lede van die Menslike Hulpbronnekomitee van die Raad is, aangewys deur die Menslike Hulpbronnekomitee van die Raad
- c) Twee (2) lede aangewys deur die Rektor, van wie minstens een (1) 'n lid van die Rektor se Bestuurspan sal wees (in die geval van Hoofdirekteure sal een lid die betrokke uitvoerende bestuurshoof wees aan wie die posbekteer sal rapporteer)
- d) Twee (2) dekane soos aangewys deur die uitvoerende komitee van die Senaat

Die AR het ook die reg om nie-stemgeregtigde lede tydens enige fase van die proses te koöpteer.

Die AR kan ook in die aanstellingsproses van die dienste van Menslike Hulpbrondeskundiges gebruik maak.

Die AR kan ook amptenare van die Universiteit versoek om vergaderings by te woon ten einde administratiewe funksies te verrig. Die eksterne kundiges en amptenare het egter nie stemreg ten opsigte van die aanstelling nie.

'n Kworum van die AR bestaan uit vyf (5) van die aangewese lede.

D. PROSEDURE

1. Die proses vir die aanstelling van 'n Uitvoerende Direkteur/Hoofdirekteur word deur die Rektor geïnisieer, minstens nege (9) maande voordat die huidige posbekleër se termyn tot 'n einde kom, of wanneer 'n kennisgewing van bedanking van die huidige posbekleër ontvang word.
2. Enige lid van die Aanstellingskomitee van die Raad (AR) wat 'n kandidaat vir die vakante pos is, moet hom of haar voor die eerste vergadering van die AR aan die AR onttrek.
3. Die Uitvoerende Komitee van die Raad kan alternatiewe lede tot die AR benoem, sou enige lid van die AR in 'n stadium moet onttrek.
4. Die advertensie vir die vul van die vakature word deur die AR gefinaliseer.
5. Die AR kan geskikte kandidate werf om vir die betrekking aansoek te doen. Individuele lede van die AR mag nie self kandidate werf nie. Werwingsaksies sal deur die Voorsitter of 'n klein subgroep onderneem en gekoördineer word, na aanleiding van 'n besluit wat deur die AR geneem is oor die persoon/persone wat genader moet word. Die AR moet hulself op gepaste wyse vergewis van die aanstelbaarheid van werwingskandidate voordat die kandidate genader word. Aanstelbaarheid in hierdie verband word omskryf as uitsluitlik afgestem op die posvereistes soos omskryf in die posomskrywing en die daaruit voortspruitende advertensie.
6. Die kandidate kan versoek word om elkeen 'n kort standpunt voor te berei oor hulle siening van die Universiteit se toekoms en die rol wat hulle vir hulself daarin voorsien.
7. Ná die sluitingsdatum vir aansoeke stel die AR 'n voorlopige kortlys op (van verkieslik drie (3) name) van aanstelbare kandidate van wie minstens een (1) 'n swart, bruin of Indiër-persoon moet wees, met dien verstande dat die AR die werwingsproses of dele daarvan kan herhaal indien daar volgens die oordeel van die AR nie drie (3) geskikte kandidate is nie. Onderhoude word met dié kandidate gevoer.
8. **In die geval van Uitvoerende Direkteure**
 - 8.1 Die AR dui 'n voorkeurkandidaat vir die betrokke pos aan, met 'n volstreekte meerderheid van stemme van die aanwesige lede wat stem.
 - 8.2 Die AR maak 'n aanbeveling aan die Raad.
 - 8.3 Die Raad wys uiteindelik 'n voorkeurkandidaat vir die betrokke pos aan, met 'n volstreekte meerderheid van stemme van die aanwesige lede wat stem.
 - 8.4 Indien geen kandidaat tydens die eerste stemming 'n volstreekte meerderheid van die uitgebragte stemme op hom/haar verenig nie, word die kandidaat met die minste stemme uitgekakel en vind 'n volgende stemronde plaas.
 - 8.5 Die Raad kan ook besluit om geeneen van die kandidate as voorkeurkandidaat aan te wys nie. Indien geen aanstelling gemaak word nie, word die aanstellingsprosedure minstens nog een (1) maal herhaal. Indien hierdie prosedure weer eens daartoe lei dat geen kandidaat aangestel word nie, word 'n alternatiewe prosedure deur die Raad bepaal.
9. **In die geval van Hoofdirekteure**
 - 9.1 Die AR wys uiteindelik 'n voorkeurkandidaat vir die betrokke pos aan, met 'n volstreekte meerderheid van stemme van die aanwesige lede wat stem. Indien geen kandidaat tydens die eerste stemming 'n volstreekte meerderheid van die uitgebragte

stemme op hom/haar verenig nie, word die kandidaat met die minste stemme uitgeskakel en vind 'n volgende stemronde plaas.

- 9.2 Die AR kan ook besluit om geeneen van die kandidate as voorkeurkandidaat aan te wys nie. Indien geen aanstelling gemaak word nie, word die aanstellingsprosedure minstens nog een (1) maal herhaal. Indien hierdie prosedure weer eens daartoe lei dat geen kandidaat aangestel word nie, word 'n alternatiewe prosedure deur die AR bepaal.
- 9.3 Die AR deel die Raad dienooreenkomstig mee oor sy besluit.

E. HERAANSTELLING

1. Die proses vir die moontlike heraanstelling van 'n Uitvoerende Direkteur/Hoofdirekteur vir 'n volgende termyn word normaalweg nege (9) maande voor die verstryking van die termyn deur die Rektor geïnisieer.
2. Indien 'n dienende Uitvoerende Direkteur/Hoofdirekteur nege (9) maande voor die einde van sy/haar eerste aanstellingstermyn aandui dat hy/sy vir 'n verdere termyn beskikbaar is, sal die Rektor (en in die geval van Hoofdirekteure, die betrokke uitvoerende bestuurshoof) die posbektelër formeel versoek om 'n oorsigtelike verslag van prestasies behaal gedurende die huidige termyn, asook 'n toekomsvisie vir 'n moontlike tweede termyn, in te dien. Die Rektor (en in die geval van Hoofdirekteure, die betrokke uitvoerende bestuurshoof) sal ná ontvangs van hierdie dokumente met die betrokke posbektelër in gesprek tree.
3. Indien die Rektor (en in die geval van Hoofdirekteure, die betrokke uitvoerende bestuurshoof) so aanbeveel, oorweeg die Menslike Hulpbronnekomitee van die Raad, met inagneming van die gelewerde prestasie-uitsette van die individu die moontlikheid om die posbektelër se aanstelling vir 'n verdere termyn te hernu.
4. Die Menslike Hulpbronnekomitee van die Raad maak in die geval van Uitvoerende Direkteure 'n aanbeveling aan die Raad en in die geval van Hoofdirekteure neem die Menslike Hulpbronnekomitee van die Raad 'n finale besluit en deel die Raad dienooreenkomstig mee.
5. Indien 'n dienende Uitvoerende Direkteur/Hoofdirekteur vir 'n derde termyn beskikbaar is, moet die heraanstelling volgens die normale volledige prosedure geskied behalwe in gevalle waar die Raad op aanbeveling van die Rektor anders besluit.